KULTUUR

REDENAARS

By Laerskool Elarduspark vorm ons redenaars wat op hulle voete kan dink. Ons neem aan verskeie kompetisies deur die jaar deel en leerders word hiervoor afgerond. Oefentye word aangepas volgens leerders se buitemuurs vanaf 14:00 - 17:00. Redenaars vind op provinsiale vlak plaas vanaf Gr 2 - 3, Gr 4 - 5 en Gr 6 - 7. Die Gr 1's neem wel intern deel in Kwartaal 4. Redenaars by die skool word op die volgende wyse gekeur. Tydens Interne Redenaars kompetisies wat jaarliks in elke graad plaasvind, kry leerders die geleentheid om deel te neem. Leerders wat tydens hierdie kompetisies goed presteer word die geleentheid gegun om aan siftingsrondtes aan die begin van die jaar deel te neem waar moontlike kandidate vir die Super 12 sowel as die ATKV-Redenaarskompetisies gekies word. Verder deur die jaar kry leerders ook die geleentheid om aan ander kompetisies soos Kansvatter Redenaars en ATKV DigiPraat deel te neem. Ouers skryf self vir laasgenoemde kompetisies in. Daar is dus baie geleentheid vir die leerders om te groei.

Name van bekwame persone wat gebruik kan word vir hulpverlening met die skryf van toesprake kan verskaf word indien dit verlang word.

DOEL VAN REDENAARS

Ons streef daarna om leerders van Laerskool Elarduspark toe te rus met die nodige vaardighede om suksesvol die toekoms aan te pak. Om jou man te staan en jou sê te sê, kan waarde toevoeg tot enige kind se lewe.

HOEKOM AAN REDENAARS DEELNEEM?

Leerders ontvang die nodige erkenning vir deelname aan Interne Redenaars, ander redenaars kompetisies. Daar word ook jaarliks 'n "Redenaar van die jaar" aangewys in Gr 1 - 3; Gr 4 - 5 asook Gr 6 - 7. Redenaars gee leerders reeds van 'n vroeë ouderdom af die geleentheid om selfstandig te dink, met selfvertroue voor mense te kan praat en verantwoordelik te wees.

LARDIES OPEDAG